**Acordesweb.com**

**Jy Was Nog Nooit In Langstraat As Dit Reen Nie**
**Koos Kombuis**

```
G
Gister was jy my vriend gewees

Toe moes ek in  n dagblad lees
        C
Jy t my skoonfamilie sleggese^
          G
En jy wil al my spaargeld ook nog he^


Jou vierde vrou het jou so pas verlaat
jy wil nou nooit meer oor haar praat
Dik gerook van die goedkoop zol
Sit en stuur jy e-posse die wereld vol

KOOR:
Am
O moenie huil nie, o moenie ween nie
F
O moenie dink jy is die enigste een nie
D
Jy was nog nooit rerig alleen nie
G                   C                 D
Jy was nog nooit in Langstraat as dit reen nie


Jy dink mos jy t vreeslik seergekry
Jy glo jy s al ou wat so ly
Maar ek het nuus vir jou vanaand, ou maat
Die hele wereld suffer in  n doodloopstraat

Daar s orals moord en oorlog in die nag
Daar s commuters wat vir trein wag
Ken jy die hongersnood in Bangladesh?
Weet jy van mense wat in karre crash?

KOOR:

BRUG:
Em
Jy t my een keer te veel teleurgestel

Ek sal nooit weer jou plaaslyn bel
C
Die kampvuur le^ vol koue as
             D    C                  G
Daar s dooie kole waar ons vriendskap was
```

Die lug is nie net een soort blou nie
Die heelal draai nie net om jou nie
Mo^re is mos nog  n dag
Jy t verniet gedink jy gaan laaste lag

KOOR: